Opgradering van die kombuis en ablusiegeriewe (2023)

Gedurende Junie tot Augustus 2023 is die kombuis se aansig drasties verbeter met nuwe kombuiskaste en granietwerkoppervlaktes, asook nuut geverfde mure en ‘n nuwe plafon.

Tydens die werkery

Basaarkoekies gereed om gebak te word

Die verbeteringe aan die kombuis was betyds klaar, sodat die kombuis gebruik kon word deur Dienende Hande se span met die oog op hul voorbereidings vir die jaarlikse basaar.

Terselfdertyd is die gang en ablusiegeriewe ook opgeknap. Die mure en plafon is geverf. Nuwe vloerteëls is gelê en wasbakke met granietbladdens is aangebring.